VulaLearn

# *Afrikaans Eerste Addisionele Taal*

# *Graad 11*

# *Die Infinitief*

## Notas

1. om ... te werkwoord
2. behoort ... te werkwoord
3. hoef ... te werkwoord

**Moenie hierdie drie meng nie!**

1. om ... te werkwoord
• Dis die infinitief waarvan jy in STOMPI geleer het.
• Let op die verskil tussen die infinitief in Engels en in Afrikaans:
• Engels: I try to speak Afrikaans. —> Afrikaans: Ek probeer om Afrikaans te

praat. Byvoorbeeld: Herskryf die sin en begin soos aangedui.

Hy probeer sy werk doen. (Hy probeer om ...) → Hy probeer om sy werk te

doen. Hy sal die lig afskakel. (Hy onthou om ...) → Hy onthou om die lig af te

skakel.

2. behoort ... te werkwoord
• Die woord "behoort" word jou eerste werkwoord.
• Moenie die woord "om" invoeg nie.

Byvoorbeeld: Herskryf die sin en begin soos aangedui.

Hy moet sy werk doen. (Hy behoort ...) → Hy behoort sy werk te doen. (→ DIE "MOET" VAL WEG!)

3. hoef nie ... te werkwoord nie
• Die woord "hoef" word jou eerste werkwoord.
• Moenie die woord "om" invoeg nie.
• Jou antwoord moet altyd die "nie" inhê.

Byvoorbeeld: Herskryf die sin en begin soos aangedui.

Hy moet sy werk doen. (Hy hoef ...) → Hy hoef nie sy werk te doen nie. →( DIE "MOET" VAL WEG!)

Hy is altyd besig. (Hy hoef ...) → Hy hoef nie altyd besig te wees nie.